EEU VAN GROEI 1919-2019
CENTURY OF growth

OOS VRYSTAAT KAAP Bedryf Bpk. Operations Ltd.
Reg. 1999/004069/06 | FSP No. 909 | NCRCP619

Hoofkantoor/Head Office
Dan Pienaarstraat/St 19
Ladybrand 9745
Posbus/P.O. Box 96,
Ladybrand 9745
Tel: 051 923 4500
E-pos/Email: klantediens@ovk.co.za
www.ovk.co.za/www.cmw.co.za

Streekkantore / Regional Offices
Burgersdorp Tel: 051 653 1855
Cradock Tel: 048 881 3484
Ficksburg Tel: 051 933 7662
Hopetown Tel: 053 203 9200
Port Elizabeth Tel: 041 406 7500
Bloemfontein Graan/Grain Tel: 051 011 1592
E-pos/Email: clientservices@ovk.co.za

4 Julie 2019

Beste OVK Produsent,

ONLANGSE VERWIKKELINGE IN OVK VESEL.

Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om u op hoogte te bring van onlangse verwikkelinge in OVK Vesel en meer spesifiek die Bokhaarafdeling. OVK Vesel se voorloper, naamlik Cape Mohair and Wool (CMW), het sy ontstaan te danke gehad aan die behoefte onder produsente om die monopolie van een makelaar in die bokhaar- en wolbedryf aan te spreek. Mededinging in die mark is so teweeg gebring, en het produsente 'n keuse gehad van makelaars om hulle produkte, naamlik bokhaar en wol, te bemark. CMW het gegroei tot die grootste bokhaarmakelaar in die wêreld, en die tweede grootste wolmakelaar in Suid-Afrika, en was ook mededingend in die lewende hawemark. Met OVK se toetrede, deur die verkryging van CMW, tot die vesel- en lewende hawebedryf, was dit dan ook een van die maatskappy se doelstellings om die nodige volgehoue diens en ondersteuning aan u as produsent te bied, ten einde te verseker dat u produk mededingend bemark kan word.

Met enige besigheid bestaan daar altyd 'n risiko dat sleutelpersoneel die diens van die onderneming op 'n baie ongeleë tyd kan verlaat, en wel om verskeie redes. Die afgelope twee maande het dit dan ook gebeur in die Bokhaarafdeling. Die huidige bemarkingspan sal steeds die katalogus vir die eerste bokhaarveiling opstel, wat deur die nuwe bemarkingspan nagegaan en aangebied sal word. U as produsent kan dus steeds voortgaan en u bokhaar soos gewoonlik lewer, synde al die nodige dienste aan u gelewer sal word.

Alhoewel dit 'n gevoelige slag vir OVK Vesel was, is aksieplanne reeds in plek gesit. Die beskikbaarheid van tegniese veldbeamptes wat in bokhaar spesialiseer bied 'n uitdaging, aangesien die afname in produksie die afgelope paar jare ook aanleiding gegee het dat minder jong mense tot die bedryf toegetree het. Volgens die inligting tot ons beskikking, gaan die betrokke personeel indiens geneem word deur 'n maatskappy wat deur een van ons mededingers besit word.

Direkteure / Directors: HGN Scheepers (Voorsitter/Chairman), JD le Roux (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), CT Bender, QA de Bruyn, MW Dobrowsky, PJ du Plessis, JCC Moll, FP Nel, S Oberholzer (Besturend/Managing), JJ Swanepoel, F Terblanche, FJ van Zyl, DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)

OVK Vesel is egter daartoe verbind om ‘n sterker mededingende rolspeler in die wol- en bokhaarbedryf te wees, en kondig graag die volgende aanstellings aan:

- Etienne Bezuidenhout – Bestuurder Bokhaar (met ingang 1 Augustus 2019),
- Gerrit van Heerden – Bemarkingsbestuurder Bokhaar (met ingang 1 Augustus 2019),
- Nando Friskin – Senior Tegniese Beampte (met ingang 4 Augustus 2019),
- Johndré du Preez – Tegniese Beampte (met ingang 1 Augustus 2019), en
- Hannes Olivier – Tegniese Veldbeampte: Beaufort-Wes.

Alhoewel tyd ‘n faktor is, sal OVK Vesel geen steen onaangeraak laat om tegniese veldbeamptes met die nodige ondervinding te identifiseer en te kontrakteer nie. In die tussentyd sal ons van ons bestaande tegniese veldbeamptes, wat wel ondervinding van sybokhaar het, gebruik om u as produsent by te staan. Ons sal u binne die volgende twee weke kontak ten einde u behoefte ten opsigte van tegniese velddienste en skeerdienste te bepaal. Dit staan u ook vry om enige tyd met my in verbinding te tree sou u enige navrae het.

Ek wil u eweneens verseker van OVK Vesel se betrokkenheid by die bokhaar- en wolbedryf, en sal ons u steeds tot diens wees en u produk met die nodige sorg en vaardigheid hanteer en bemark. OVK Vesel sal voortdurend streef om diensleweringstandaarde te verbeter ten einde beter aan u behoeftes te voldoen.

Ek wil u graag uitnooi om my te kontak by 041 406 7500 of 082 921 2563 of walliew@ovk.co.za indien u enige navrae in verband met bogenoemde het.

Die uwe,

Wallie Weeks
Hoofbestuurder: Vesel en Lewende Hawe (Suid)

Direkteure / Directors: HGN Scheepers (Voorsitter/Chairman), JD le Roux (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), CT Bender, QA de Bruyn, MW Dobrowsky, PJ du Plessis, JCC Moll, FP Nel, S Oberholzer (Besturend/Managing), JJ Swanepoel, F Terblanche, FJ van Zyl, DP du Plessis (Sekretaris/Secretary)